ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
April 2024 (87)

Al sou die vyeboom nie bot nie, here, en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie.. Al sou die olyf-oes misluk en die lande geen oes lewer nie..
En al sou die verlang tot diep in my oë gaan lệ, en die bang en onsekerheid bietjies-bietjies in my hart wegkruip..
Al sou die pad kilometers vol grond en gate voor my voete uitloop en my hart se probeer moeg raak..
Al sou my oë sukkel om die son raak te sien, die son wat U elke dag op my pad kom neersit..
Al sou my kop aanhou probeer om my hart te verstaan, en my bid party dae moeg voor U kom kniel …nogtans sal ek in U bly glo, sal ek glo dat U hart goed is, en liefde is..

Nogtans sal ek elke more stil luister of ek U stem hoor. Want dit is U wat vir my die krag gee om elke oggend op te staan en my stukkie pad voluit te stap.
Dit is U wat my hart se huil stilmaak en die stukkies verlang gaan wegbệre, daar waar dit hoort.
Dit is U wat die verlede se onthou toevou in U hande, en dit eenkant neersit, daar waar dit my nie meer kan raaksien nie..
Dit is U wat langs my kniel en my optel, as die pad vir my te lank word..

Daarom sal ek glimlag oor U
Daarom sal ek elke oggend U vrede diep in my hart gaan wegbệre
Daarom sal ek my kop oplig en die lewe in die oë kyk, want U Here, loop saam met my.

Elke dag
Altyd
En dit is vir my genoeg.
(Anoniem)

BLOCK LEADERS AT HOUSES 2024

| Blck | Leader | House numbers |
|---|---|---|
| 1 | Neil Brink 217 | 213 214 216 217 218 219 220 221 222 223 224 225 |
| 2 | Cora Marais 204 | 1 2 3 4 5 6 7 8 199 200 201 202 203 204 205 206 207 208 209 210 |
| 3 | Annette de Beer 193 | 9 10 11 12 13 14 15 16 190 191 192 193 194 195 196 197 |
| 4 | Marie Smuts 66 | 19 20 21 22 23 24 25 26 42 43 44 45 54 55 56 57 58 59 60 61 62 63 64 65 66 67 |
| 5 | Willis Parker 30 | 29 30 31 32 35 36 37 38 46 47 48 49 50 51 52 53 |
| 6 | Nicolene v Wyk 27 | 17 18 27 28 33 34 39 40 41 68 69 82 83 97 98 99 |
| 7 | Johan Fourie 79 | 70 71 72 73 74 75 76 77 78 79 80 81 135 136 137 139 140 141 142 143 144 145 146 147 148 |
| 8 | Mauritz vd Heever 134 | 84 85 86 87 88 89 90 91 92 93 94 95 96 122 123 124 125 126 127 128 129 130 131 132 133 134 262 |
| 9 | Delene Fourie 112 | 100 101 102 103 104 105 106 107 108 109 110 111 112 113 114 115 116 117 118 119 120 121 263 |
| 10 | Ria Iturralde 186 | 159 160 161 162 163 164 165 166 184 185 186 187 167 168 169 170 |
| 11 | Polanie v Vollenhoven 152 | 151 152 153 154 155 156 157 158 171 172 173 174 |
| 12 | Charlotte du Plooy 190 | 149 150 175 176 181 182 183 188 189 198 211 212 215 177 178 179 180 |
| 13 | Jackie Evers 228 | 226 227 228 229 230 231 232 233 234 235 236 237 238 239 240 241 |
| 14 | Linda v Staden 252 | 242 243 244 245 246 247 248 249 250 251 252 253 254 255 256 257 258 259 260 261 |

Residents can contact, view and order the booklet “Eldo in a nutshell” from their blockleaders @R25 per booklet. (Also in Afr)

## PAINTING OF UNITS

The colour codes for the original paintwork done by the developer on units, with supplier Prominent Paints, are as follows:

| | |
|---|---|
| Ceilings | Promodek |
| Barge Boards | Roof paint (S3010Y30R) |
| Flats outside | Texture Eldo HD Green 37/12/Y10R |
| Flats/house inside | Trade L/S Kid Glove |
| Flats passage walls | Stoneware |
| Flats doors | Medium Sheen Rich Praline |
| Flats doors inside | Ultra Gloss White |
| Houses outside | Textured Cotton Duck |
| Houses outside | Textured Indian Ink |
| Houses outside | Textured Thoroughbred |
| Houses Doors | Ultra Gloss (S3010-Y30R) 2 shades darker |

The outside of a unit is the responsibility of the HOA. Please contact reception if there is a need for outside paintwork. Maintenance will inspect and do follow-up. Owners are free to paint inside the unit the colour of their choice

## NEW GARDEN SERVICES PROVIDER

**The Garden Group** is the new service provider who took over the garden service contract from 1st July 2023, from TopTurf.
All services regarding gardens and refuse removal remain the same.
These services are summarised as follows:
-The estate is divided in 4 blocks (see notice board)
-Each block is linked to a specific day of the week, Monday to Thursday. Friday is a general work day not linked to a specific block. It can be used for group work or as a catch-up day if a block was missed during the week, due to bad weather or a public holiday.
-The garden workers, as well as the grass cutting team, will concentrate as a group on the block that is allocated for the day.
-Refuse removal from the houses will still be done on Tuesdays and Fridays( black bags). Removal of garden refuse (green bag) and recycling material (clear bag) will still be done on Tuesdays.
**Residents are requested not to interfere with the garden workers or the garden work and report any complaints to the General Manager**

## A RARE FLOWERING PLANT

The Agave Geminiflora/ystervarkie (twin flower agave)-from Nayarit and Jalisco in Mexico, is a single-stemmed dwarf agave that forms a dense, symmetrical rosette with narrow, sharp tipped, dark green leaves (100-200 in the rosette). This agave is not armed with thorns around the leafs' edges, instead each leaf looks as if it is exuding tangled white/silvery threads.

The plant can grow up to 45cm tall and 60cm wide. It is an extreme slow- growing plant with a growth rate of 1-2 inches a year. Their appearance has been likened to that of a large porcupine in an aggressive mood.
It blooms in the fall with the flowering stalk rising to a height of 12-18 feet (up to 6 meters) and carries twin tubular flowers along its length. After flowering, the plant dies. However, if you cut off the stalk, you can keep it in a smaller size forever (according to Google..) It blooms only after about 15 years!


Hierdie Agave Geminiflora is tans in blom te sien agter die Suidblok woonstelle-in die smal bedding langs die pad.
Die eerste foto op bladsy 5 is geneem op 31 Januarie en die tweede foto op 15 Maart. Die blomsteel was toe reeds 4,5 meter lank en kan glo groei tot 6 meter! Die klein geel blommetjies al langs die blomsteel, was reeds te sien vanaf vroeg Februarie.

Omdat al die plant se krag nou gebruik word om die lang steel regop te hou, sterf die plant nadat die groei- en blomproses verby is.

Wat 'n jammerte dat so 'n mooi plant moet sterf









MUSIEK AAND
MET WILLIAM
BLACKROSE








POLANIE EN
VRIENDE KUIER
DIE NUWE JAAR IN

DIE KANAAL WAS WEER VOL!



Helen van Deventer van 1007 het in November 2023 haar 70ste verjaardag gevier met 'n klompie vriendinne in die sitkamer. Baie geluk.















## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie.

90 Adi en Lida Joubert
1328 Ria Myburgh en Hannelie Marais
1330 Dot de Villiers

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

108 Elsje Setzkorn (26 Feb

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## KERMIS 2024

Skryf solank hierdie heerlike sosiale saamkuier in jou dagboek by Saterdag 31 Augustus vanaf 09h00 tot 13h00.

Plantliefhebbers kan dus betyds steggies inlệ of klein plantjies in potjies plant; vlytige hande kan weer begin om hulle kunswerke gereed te kry, of dit nou skilderye, breiwerk, hekelwerk, lampe of juwele maak is, of houtspeelgoed. BEGIN NET!

Navrae: Johan du Preez 3192

## PANIEKKNOPPIES

Inwoners word dringend versoek om **EERS** vir Sekuriteit (9111), die Sorgsentrum (2009) en die Landgoedsuster (2013) in kennis te stel **VOORDAT** u die paniekknoppie uittoets.

## PANIC BUTTONS

Residents are urgently requested to inform Security (9111), Frailcare (2009) and the Village nurse (2013) **BEFORE** the testing of the unit's panic button.

## TESTAMENTE: WEET WAT JY DOEN

Nasionale Testamentweek vind jaarliks plaas gedurende September en is die geleentheid vir jou om jou testament gratis te laat opstel by deelnemende prokureurs wat lid is van die land se regsgenootskappe.

‘n **Testament** is skriftelike dokument waarin ‘n persoon vrywillig bepaal hoe sy boedel en bates na sy dood verdeel moet word.

Die **Wet op Testamente**, nr 7 van 1953 (soos gewysig) het sekere voorskrifte waaraan ‘n **geldige** testament moet voldoen, soos dat dit op skrif en onderteken moet wees deur die testateur en getuies. Die getuies moet bo die ouderdom van 14 jaar wees, en moet ten tyde van die ondertekening bevoeg wees om getuienis in die hof te lewer, indien nodig, en mag ook nie erfgename in die testament wees nie.
-Eksekuteurs wat as getuie teken, mag nie ‘n fooi neem nie.
-Enige skrapping, byvoeging, verandering of tussenvoeging wat in die testament gemaak word nadat dit opgestel is, is ongeldig indien daar nie voldoen is aan al die formaliteite soos bepaal in die Wet op Testamente nie.

-Wanneer ‘n persoon sonder ‘n testament sterf, of met ‘n ongeldige of gedeeltelik ongeldige testament, word so ‘n persoon se bates ingevolge die intestate erfreg vererf, en verdeel ingevolge die **Wet op Intestate Erfopvolging, nr 81 van 1987**.
-Die intestate erfreg wys in bepaalde omstandighede slegs sekere spesifieke persone aan as bevoegde erfgename, wat die oorledene se wettige gade, kinders, bloedverwante en aangenome kinders kan wees.
-indien geen oorlewende familielede of bloedverwante bestaan nie, word die boedel in die Voogdyfonds van die meester van die hooggeregshof geplaas en aan die staat verbeurd verklaar, indien dit nie binne 30 jaar opgeëis word nie. Die meester se kantoor sal dan ‘n eksekuteur aanstel.

Om dus jou naasbestaandes te beskerm en te verseker dat jou bates en besittings ná jou afsterwe in ooreenstemming met jou behoeftes vererf, is dit noodsaaklik dat jy ‘n regsgeldige, duidelike en ondubbelsinnige testament het.
Kry kundige hulp met jou testament ten einde familieprobleme uit te skakel, en hersien jou testament elke 2-3 jaar, of wanneer nodig.

## Antibiotika-Pasop!

Antibiotika is ‘n belangrike wapen in jou medisyne-arsenaal en is ontwikkel om infeksies of siektes te behandel wat deur **bakterieë** veroorsaak word, wat lugwegsiektes soos longontsteking en kinkhoes insluit. Dit kan ook gebruik word vir urienweg-en velinfeksies, tand-en oorinfeksies, en bakterieë in oop wonde.
Antibiotika maak nie **virusse** dood nie, en verkoue en griep word deur virusse veroorsaak. Antibiotika sal dus niks daaraan doen nie: rus, neem baie vloeistowwe in en vitamien C! Moenie die dokter se tyd mors deur op antibiotika aan te dring vir ‘n verkoue nie. Slegs wanneer dit omsit in ‘n bakteriële infeksie soos longontsteking, sal antibiotika voorgeskryf word.

Simptome: Dis dalk maklik om ‘n septiese snyplek uit te ken, maar moeiliker om ‘n blaasinfeksie of kolonprobleme ver van die hospitaal te diagnoseer. Jou dokter is daarvoor opgelei. Verskillende antibiotika werk op verskillende maniere. Penisillien vernietig byvoorbeeld die bakterie se selwand, terwyl ander antibiotika met die selwerking inmeng. Jy kan dus nie self besluit dat die antibiotika wat jy nog oorhet van een toestand, sommer vir ‘n ander toestand gebruik kan word nie. EN ONTHOU-voltooi altyd die hele kursus en moenie na ‘n paar dae ophou wanneer jy beter voel nie.

**Antibiotikum-weerstandigheid** kom voor wanneer die bakterie muteer om homself teen die middel te beskerm. As dit gebeur, beteken dit ‘n antibiotikum wat vantevore gewerk het, werk nie meer nie. As jy dus antibiotika drink wanneer jy dit nie regtig nodig het nie, gaan dit eendag nie meer werk wanneer jy dit wel dringend nodig het nie.

Lees die aanwysings op die ingeslote pamflet , want dinge soos allergieë, ander medikasie, alkoholinname, blootstelling aan die son ens sal alles ‘n invloed hệ op die mens se reaksie op die antibiotika. (Dr Jacques Malan)



Advanced Hearing
Lezahn Louw Audiology
Jean Ave, @Health medical centre, Centurion
Gehoortoetse
Gehoorapparate & GRATIS "trials"
Gehoorapparaat verstellings
Oor was verwydering & meer...
Alle mediese fondse
Alle gehoorapparaat make
Begroting vriendelike opsies
Kontak ons
0121117272 0842932855




Eldoraigne
Retirement Estate
Properties FOR SALE Ruan Erasmus 071 481 6199
Properties FOR RENT Stella Cloete 072 459 2230
- Cozy 1 Bed, 1 Bath Apartment - R870 000
- Spacious 2 Bed, 1 Bath Apartment - R1 350 000
- Beautiful 2 Bed, 1 Bath Simplex - R1 795 000
- 1 Bed, 1 Bath Apartments from only R7600pm
- 2 Bed, 1 Bath Apartments from only R8600pm
- 2 Bed, 1 Bath Simplexes from only R11000pm
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions